# ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

12 September 2013

Dagsê Almal

Ek is weer terug nadat ek vir die naweek bietjie by Sondela gaan asemskep het. Die bouwerk het verlede Maandag begin en die opwinding borrel in my met wat alles moontlik is sodra hierdie eerste fase klaar gaan wees. Ons dink ernstig aan die moontlikheid van groente verwerking maar ons benodig die nodige apparaat. Johan Bloemhof van GK Lyttelton is reeds besig met bearbeiding daarvoor. Ons het al 3 tafels en groot skottels gekry en die gewillige hande is hier. Kontak gerus vir Johan (0832681910) indien u wil meehelp met hierdie werkskeppingsgeleentheid. Baie dankie.

Hy kom kniel byna voor my en bely dat hy nou vir die eerste keer "regtig verstaan waaroor dit gaan" by die Eljada Huis. Dit gaan oor die Woord en wat dit vir ons beteken van dag tot dag en veral wanneer swaarkry so groot deel van die dag vul dat moed verloor, drank, dwelms en ander vorms van ontvlugting makliker is as om eenvoudig GOD sy anker te maak. My voordurende vermanings en teregwysings en wys wat GOD van ons vra het by hom nie op dowe ore geval nie. Hy neem selfs sy Bybel saam werk toe en soek sy antwoorde daar en glo soos 'n kind dat GOD nou waarlik sy Leidsman is. Dit was 'n kosbare oomblik wat ek altyd sal onthou as 'n "sukses verhaal" van die Eljada huis. **Bid** asseblief vir ons om versterk te bly op hierdie pad.

Die sewe vroue wat nou amptelik Cummunity Health Workers is kekkel in die kombuis en hulle is opgewonde want elke oggend kom draai hulle gou vir 'n bordjie pap en koppie koffie voor hulle die strate aandurf om hul werk te gaan doen. Jenny kom gister middag hier aan met 'n paar "Eljada Fashion" skoene wat behoorlik stukkend geloop is. Met groot gelag en gespot tussen hulle vertel sy dat toe sy nog dink sy loop toe is daar niks meer aan die voet nie. Aldus is nuwe loopskoene 'n groot nood vir hierdie vroue wat te voet hul loon verdien. Baie dankie.

Eljada Huis groete

Annatjie

Ons GROOT NOOD is;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti,koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos mar garien, konfyt, stroop, grond boontjiebotter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- KONTANT – R50 per maand.
- Toiletware – alle

---

**<u>NB! NB! NB! NB!</u>**

*Vriendelike versoek dat u asseblief seker sal maak dat die inbetalings vir die Eljada Huis* ***<u>alleenlik</u>*** *na die volgende rekening sal geskied.*

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**

*Die ou rekening bestaan nie meer nie.*